



GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
PROVINSIALE EKSAMEN
NOVEMBER 2020
GRAAD 11

REKENINGKUNDE
VRAESTEL 2

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

14 bladsye + 1 formuleblad

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies noukeurig en volg dit presies.

1. Beantwoord ALLE vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin ALLE vrae beantwoord moet word.
3. 'n FORMULEBLAD vir die finansiële aanwysers word voorsien aan die agterkant van die vraestel.
4. Wys ALLE berekeninge om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag blou of swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Waar van toepassing, moet alle berekeninge afgerond word tot een desimale plek.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as 'n riglyn wanneer jy die vrae beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNT	TYD IN MINUTE
1	Versoening	40	32 minute
2	Vervaardiging	55	44 minute
3	Voorraadwaardasies & Etiek	20	16 minute
4	Begrotings	35	28 minute
TOTAAL		150	120 minute

VRAAG 1: VERSOENING

(40 PUNTE: 32 MINUTE)

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs “waar” of “onwaar” langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

- | | | | |
|-------|--|---------|-----|
| 1.1.1 | 'n Oorspronklike faktuur is 'n dokument wat ontvang word deur 'n klant wat goedere op krediet aankoop. | | |
| 1.1.2 | 'n Vooruitgedateerde tjek uitgereik aan 'n krediteur sal nie aangeteken word in enige joernaal tot die datum op die tjek aanbreek nie. | | |
| 1.1.3 | 'n Krediteur sal nie 'n kwitansie uitreik aan 'n debiteur wat haar rekening met 'n elektroniese oordrag betaal nie. | | |
| 1.1.4 | 'n Debietnota word aan 'n krediteur uitgereik wat aan hom verduidelik waarom die goedere teruggestuur word. | | |
| 1.1.5 | 'n Krediteur is 'n nie-bedryfslas. | (5 x 1) | (5) |

1.2 BANKVERSOENING

Die inligting is van Vintage Handelaars.

Gevra:

- | | | |
|-------|--|------|
| 1.2.1 | Wys die veranderinge in die kontantjoernale op 30 November 2020. | (08) |
| 1.2.2 | Bereken die regte saldo van die Bankrekening op 30 November 2020. | (5) |
| 1.2.3 | Berei die Bankversoeningstaat voor op 30 November 2020. | (7) |
| 1.2.4 | Die eienaar, J Kirk, besef dat baie mense nou elektroniese fondsoorplasinge gebruik (EFO) om die besigheid te betaal. Gee TWEE voordele van EFO's. | (2) |

INLIGTING:

A Uittreksel: Bankversoeningstaat op 31 Oktober 2020

Debiet saldo volgens Bankstaat		R 8220
Uitstaande deposito		R16 300
Uitstaande tjeks		
Nr.	Datum	
642	10 Mei 2020	R2 300
854	14 Oktober 2020	R1 250
888	27 Oktober 2020	R5 780
1032	28 Oktober 2020	R7 950
Ongunstige saldo volgens Bankrekening		R ?????

B Addisionele inligting in verband met die bostaande Bankversoeningstaat vir Oktober en met die Bankstaat vir November:

- Die uitstaande deposito verskyn op die Bankstaat vir November.
- Tjek 642 was uitgereik as 'n donasie aan 'n plaaslike welsynorganisasie. Die tjek is nooit gedeponeer nie.
- Tjek 854 verskyn nie op die November Bankstaat nie. Die tjek is verloor, 'n nuwe tjek sal NIE uitgereik word NIE.
- Tjek 888 verskyn nie op die November Bankstaat nie.
- Tjek 1032 verskyn op die November Bankstaat met die korrekte bedrag van R5 250.

C Voorlopige totale in die Kontantjoernale op 30 November 2020 voordat die Bankstaat ontvang is:

Kontantontvangstejoernaal: R54 940

Kontantbetalingsjoernaal: R64 800

D Inskrywings op die November 2020 Bankstaat wat NIE in die Kontantjoernale verskyn NIE:

DATUM	BESONDERHEDE	R
15	Debietorder: Outsurance	8 950
	Debietorder: Outsurance	8 950
	NOTA: Versekering verskyn foutiewelik twee keer. Die fout sal volgende maand reggestel word deur die bank.	
16	Onbetaalde tjek R3 800 ontvang van debiteur, N Pay as vereffening van sy rekening van R4 000.	
25	'n EFO deur die huurder as huurinkomste.	16 500
30	Rente op 'n Kt saldo.	750
30	Kredietkaartheffings.	980

E Inskrywings in die Kontantjoernale wat NIE in die Bankstaat vir November verskyn nie:

- Deposito, R19 765
- EFO 14 na 'n krediteur op 30 November, R8 630
- Tjek 1044, R5 900

F Bankstaat saldo op 30 November 2020 ...?

1.3 KREDITEUREVERSOENING

'n Rekeningstaat word ontvang van Golden Globe Handelaars op 25 September 2020 toon dat Emmy Winkels hulle R26 228 skuld. Die Krediteuregrootboek in die boeke van Emmy Winkels toon 'n uitstaande saldo van R28 656.

GEVRA:

1.3.1 Gebruik die tabel wat voorsien is in jou ANTWOORDBOEK om die veranderinge aan te dui:

- Die Krediteuregrootboek van Emmy Winkels.
- Die Krediteure Versoeningsstaat op 30 September 2020. Dui 'n vermeerdering of vermindering aan met 'n **+ of –** waar van toepassing.

(9)

1.3.2 'n Interne oudit van Emmy Winkels ontdek dat goedere met 'n waarde van R6 500 wat bestel is van PK Winkels, nooit by die besigheid afgelewer is nie. 'n Ondersoek bring aan die lig dat die persoon in beheer van die plaas en ontvang van die bestellings, die goedere bestel het vir persoonlike gebruik.

- (a) Watter stappe moet deur die bestuur teen die werknemer geneem word? Verskaf TWEE punte. (2)
- (b) Verskaf TWEE interne kontrolemaatreëls wat in plek gestel moet word om 'n herhaling te voorkom. (2)

INLIGTING

A Krediteuregrootboek van Emmy Winkels

Datum		Besonderhede	Debiet	Krediet	Saldo
2020 Sept	1	Rekening gelewer			22 145
	3	Faktuur 223		5 404	27 549
	5	Debietnota 96	309		27 240
	12	Tjek 181	10 554		16 686
		Korting	1 766		14 920
	15	Faktuur 105		3 464	18 384
	23	Faktuur 229		3 594	21 978
	24	Faktuur 284 (na handelskorting)		4 415	26 393
	30	Faktuur 302		2 263	28 656

B Rekeningstaat ontvang van Golden Globe Handelaars

GOLDEN GLOBE HANDELAARS REKENINGSTAAT					
Snakestraat 18 Mlalazi 1511 REKENING VAN: EMMY WINKEL			Tel: 032 705 0961 Faks: 011 412 5431 25 September 2020 REKENING NR. ABC 543		
Datum		Besonderhede	Debiet	Krediet	Saldo
2020 Sept	1	Saldo			22 145
	3	Faktuur 223	5 660		27 805
	5	Kredietnota 109	309		28 114
	12	Kwitansie 5140		10 554	17 560
	23	Faktuur 229	3 594		21 154
	24	Faktuur 284	4 905		26 059
	25	Rente op agterstallige rekening	169		26 228

C Addisionele inligting

Die volgende foute en weglatings het voorgekom:

- 1 Faktuur 223 op 3 September 2020 was korrek aangeteken in die rekeningstaat wat ontvang is van Golden Globe Handelaars.
- 2 Golden Globe Handelaars het 'n fout gemaak met die optekening van die terugsending van goedere op 5 September 2020.
- 3 Emmy Winkels het gekwalifiseer vir 'n korting omdat hulle die rekening vroeg vereffen het op 12 September 2020. Golden Globe Handelaars het R1 766 as afslag toegestaan. Hulle belowe om dit aan te toon op die volgende rekeningstaat.
- 4 Faktuur 105 vir R3 464 was verkeerd aangeteken in die Krediteuregrootboek van Golden Globe Handelaars. Die aankope is gedoen vanaf ABA Verskaffers.
- 5 Handelskorting was afgetrek op faktuur 284. Golden Globe Handelaars het dit glad nie in aanmerking geneem nie. Golden Globe Handelaars sal die fout volgende maand regstel.
- 6 Faktuur 302 is nie opgeteken op die rekeningstaat wat van Golden Globe Handelaars ontvang is nie aangesien die transaksie plaasgevind het na hulle staat datum.
- 7 Golden Globe Handelaars het die rente van R169 korrek op die rekening gehef.

VRAAG 2: VERVAARDIGING

(55 PUNTE: 44 MINUTE)

Hierdie vraag bestaan uit TWEE onafhanklike vrae.

2.1 HAPPY PAWS PET FOOD

GEVRA:

- 2.1.1 Bereken die bedrag roumateriaal wat vir die produksie in 2020 uitgereik is. (6)
- 2.1.2 Bereken die direkte arbeidskoste. (12)
- 2.1.3 Berei die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek voor:
- (a) Fabrieksbokoste (14)
- (b) Goedere-in-bewerking voorraad (9)

NOTA: Saldeer die rekeninge behoorlik op 30 September 2020.

INLIGTING:

A Die volgende saldo's verskyn in die boeke van Happy Paws Pet food:

	30 September 2020	1 Oktober 2019
Direkte/Roumateriaal voorraad	20 000	48 000
Goedere-in-bewerking voorraad	75 000	35 000
Indirekte materiaal voorraad	7 500	7 200

B Transaksies vir die jaar:

Roumateriaal aangekoop gedurende die jaar	650 000
Vraggeld op roumateriaal aangekoop	12 300
Fabriekshuur betaal	68 400
Advertensie betaal	23 500
Fabrieksherstelwerk betaal	46 700
Water en elektrisiteit betaal	75 000
Indirekte materiaal aangekoop	56 000
Diverse uitgawes betaal	21 000
Fabrieksvoorman se salaris	135 850
Kantoorassistent se salaris vir die jaar	130 000

C Addisionele inligting:

i Produksielone:

Aantal werknemers	9	
Normale tyd ure gewerk per werknemer	1 240 uur	
Oortyd ure gewerk per werknemer	365 uur	
Normale tyd koers	R45,00	
Oortyd koers	2 keer die normale tyd koers	
Aftrekkings en Bydraes (bereken op basiese salaris)		
	Werknemer	Werkgewer
Pensioenfonds	4%	5%
WVF	1%	1%

- ii Ingesluit by die bedrag van roumateriaal is goedere wat nie bestel is nie en daarom teruggestuur is na die verskaffer, R35 000.
- iii Water en elektrisiteit en huur moet in die verhouding van die vloerspasie wat elke departement gebruik, verdeel word:
- Fabriek 800 vierkante meter.
 - Kantoor 180 vierkante meter.
 - Verkoopsdepartement 220 vierkante meter.
- iv Waardevermindering vir die jaar:
- Kantoortoerusting, R9 500
 - Fabrieksmasjinerie, R12 800

- v Diverse uitgawes moet verdeel word volgens die volgende verhouding 4 : 2 : 1, vir die fabriek, kantoor en verkoopsdepartement.
- vi 40 300 eenhede is gedurende die jaar vervaardig teen 'n koste van R44,70 per eenheid.
- vii Sommige van die klaar vervaardigde troeteldierkos was geskenk aan die DBV (SPCA). Die donasie was direk van die fabriek af geneem en afgelewer by die DBV.

2.2 MUFASA VERVAARDIGERS

Mufasa Vervaardigers vervaardig plastiek skryfbehoeftesakkies. Die onderstaande inligting word geneem uit die rekeningkundige rekords vir die jaar geëindig 30 Junie 2020.

GEVRA:

- 2.2.1 Bereken die bedrae aangedui deur **(a)** en **(b)**. (4)
- 2.2.2 Bereken die gelykbreekpunt vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2020. (7)
- 2.2.3 Dink jy dat die besigheid gelukkig moet wees met die gelykbreekpunt? Gebruik toepaslike syfers om jou kommentaar te verduidelik. (3)

INLIGTING

	30 Junie 2020		2019
	Totale koste	Eenheids-koste	Eenheids-koste
Vastekoste	1 248 000	50,00	47,00
Fabrieksbokoste	898 560	36,00	34,00
Administrasiekoste	(a)	14,00	13,00
Veranderlikekoste	3 294 720	?	126,00
Direkte arbeidskoste	1 397 760	56,00	51,00
Direkte materiaalkoste	748 800	(b)	50,00
Verkoops- en verspreidingskoste	1 148 160	46,00	25,00
Aantal eenhede geproduseer en verkoop	24 960		23 600
Verkoopsprys per eenheid	R184		R220
Gelykbreekpunt aantal eenhede.	?		11 800

VRAAG 3: VOORRAADWAARDASIE EN ETIEK
(20 PUNTE: 16 MINUTE)
3.1 VOORRAADSTELSELS

Kayley's Sweets word besit deur Kayley Louw. Die besigheid maak gebruik van die Periodieke Voorraadstelsel. Die finansiële jaar eindig op 29 Februarie 2020.

GEVRA:

- 3.1.1 Bereken die bedrag van aankope wat na die Handelsrekening geneem sal word. (4)
- 3.1.2 Bereken die verkope bedrag wat na die Handelsrekening geneem sal word. (4)
- 3.1.3 Bereken die koste van verkope. (4)

INLIGTING:
A Uittreksel van die Vooraansuiwerings Proefbalans op 29 Februarie 2020

	Debiet	Krediet
Balansstaatrekening afdeling		
Handelsvoorraad (1 Maart 2019)	75 000	
Nominale-rekening afdeling		
Verkope		350 000
Aankope	230 000	
Vraggeld op aankope	17 500	
Debiteure afslag	25 000	

B Geen inskrywings is gemaak vir die volgende nie:

- 'n Faktuur met 'n totaal van R3 250 vir handelsvoorraad aangekoop op krediet van Pam Handelaars.
- Goedere met 'n waarde van R12 500, teruggestuur aan die verskaffer voor die voorraadopname.
- Die eienaar Kayley Louw neem goedere wat R1 250 kos vir persoonlike gebruik.
- 'n Debiteur stuur goedere terug wat aan hom verkoop is vir R11 250. Die kosprys van die goedere was R7 500. Die goedere is teruggesit in die voorraad voor die voorraadopname.
- Fisiese voorraadopname op 29 Februarie 2020 toon dat daar R90 000 se handelsvoorraad voorhande is.

3.2 INTERNE KONTROLE VAN BATES

GEVRA:

Beantwoord die onderstaande vrae wat verband hou met die gevallestudie.

INLIGTING:

Catharine Janeway is die eienaar van 'n besigheid wat in twee departemente verdeel is. In die een departement besit sy opbergingsseenhede wat sy aan kliënte verhuur om goedere in te stoor. In die ander afdeling is daar afleweringervoertuie wat gebruik word om die goedere te vervoer wat in die opbergingsseenhede gestoor word. Sy is bekommerd oor haar besigheid en het jou om hulp gevra.

- 3.2.1 Catharine is daarvan bewus dat die meeste bates waarde verloor as gevolg van normale slytasie. Watter vaste bate verminder normaalweg nie aan die einde van die finansiële jaar waarde nie? Verduidelik waarom. (2)
- 3.2.2 Verduidelik kortliks aan haar die waarde van 'n vaste bate register. (2)
- 3.2.3 Catharine het 'n paar klagtes van haar kliënte ontvang dat voorraad in hul bergingsseenhede verdwyn het. Gee EEN voorstel om hierdie probleem op te los. (2)
- 3.2.4 Die onderneming het drie afleweringervoertuie, elk met sy eie bestuurder. Catharine het ontdek dat een van die vragmotors se kilometerlesings hoër is as wat dit moet wees. Gee EEN praktiese oplossing oor hoe sy die probleem kan oplos. (2)

VRAAG 4: BEGROTINGS
(35 PUNTE: 28 MINUTE)

Hierdie vraag bestaan uit TWEE onafhanklike vrae.

4.1 PASITEMS

Kies die antwoord uit KOLOM B wat ooreenstem met die vraag in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – F) langs die vraagnommer (4.1.1 tot 4.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	Wat is die hoofdoel met die opstel van 'n kontantbegroting?	A	Voorsiening vir oninbare skuld aanpassings en korting toegestaan.
4.1.2	Noem TWEE items wat in die Kontantbegroting sal verskyn, maar nie in die geprojekteerde Inkomstestaat nie.	B	Die verkoopsprys van 'n voertuig wat verkoop word en die wins met verkoop van bate.
4.1.3	Noem TWEE items wat in die geprojekteerde Inkomstestaat sal verskyn maar nie in die Kontantbegroting nie.	C	Geskatte geprojekteerde syfers vir die toekoms.
4.1.4	Verduidelik EEN ooreenkoms tussen die Kontantbegroting en die Geprojekteerde Inkomstestaat.	D	Dit is 'n toegerekende uitgawe.
4.1.5	Waarom word waardevermindering nie ingesluit in die Kontantbegroting nie?	E	Om toekomstige ontvangste en betalings te projekteer.
		F	Aankoop van bates en betaling aan krediteure.

(1 x 5) (5)

4.2 KONTANTBEGROTING

Die onderstaande inligting het betrekking tot Mosa Winkels

GEVRA:

4.2.1 Voltooi die Debiteure-invorderingsskedis vir September en Oktober 2020. (10)

4.2.2 Voltooi die Kontantbegroting vir September en Oktober 2020. (20)

INLIGTING

A Invordering van skuld is volgens die volgende patroon:

- 30% van debiteure vereffen hulle rekeninge gedurende die maand waarin die transaksie plaasvind om 'n 5% korting te ontvang vir vinnige betaling.
- 40% van debiteure vereffen hulle rekeninge in die maand wat volg op die transaksie.
- 25% van debiteure vereffen hulle rekeninge in die tweede maand na die transaksie.
- 5% van skuld word afgeskryf as oninbaar in die derde maand.

B Opsomming van die transaksies:

Besonderhede	Julie	Augustus	September	Oktober
Kontantverkope	200 000	250 000	240 000	230 000
Krediet aankope	70 000	80 000	65 000	85 000
Huurinkomste	12 000	12 000	15 000	15 000
Salarisse	75 000	75 000	75 000	?

- Kontantverkope is 25% van totale verkope.
- Krediet aankope is 50% van die totale aankope.

C Krediteure word een maand na die aankope betaal.

D Die volgende onttrekkings word maandeliks gemaak deur die eienaar:

- Kontant om sy seun se skoolgeld te betaal, R7 500
- Handelsvoorraad, R2 800

E Advertering word bereken as 1% van die vorige maand se totale verkope.

F Alle werknemers sal 'n salaris verhoging van 6% aan die einde van Oktober kry.

TOTAAL: 150

EINDE

BYLAE

FORMULEBLAD

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Totale Verdienste deur Vennoot}}{\text{Gemiddelde Vennotebelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde Vennotebelang}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates: Bedryfslaste	Bedryfsbates – Voorraad: Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde Debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1} \text{ of } \frac{12}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde Krediteure}}{\text{Krediet aankope of Koste van Verkope}} \times \frac{365}{1} \text{ of } \frac{12}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde Voorraad}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{365}{1} \text{ of } \frac{12}{1}$	$\frac{\text{Koste van Verkope}}{\text{Gemiddelde Voorraad}}$	
Nie Bedryfslaste: Vennotebelang	Totale Bates: Totale Laste	



GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
PROVINSIALE EKSAMEN
NOVEMBER 2020
GRAAD 11

REKENINGKUNDE
VRAESTEL 2
ANTWOORDBOEK

Naam van skool	
Naam van leerder	
Datum	

13 bladsye

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	PUNTE BEHAAL	GEMODEREERDE PUNT
1	Versoening	40		
2	Vervaardiging	55		
3	Voorraadwaardasie en Etiek	20		
4	Begrotings	35		
TOTAAL		150		

VRAAG 1

VRAAG 1.1: WAAR OF ONWAAR

	ANTWOORD
1.1.1	
1.1.2	
1.1.3	
1.1.4	
1.1.5	

5

VRAAG 1.2: BANKVERSOENING

1.2.1 Wys die veranderinge in die kontantjoernale op 30 November 2020.

Kontantontvangstejoernaal	Kontantbetalingsjoernaal
R 54 940	R 64 800

8

1.2.2 Bereken die regte saldo van die Bankrekening.

5

1.2.3 Berei die Bankversoeningstaat voor op 30 November 2020.

	Debiet	Krediet

7

1.2.4 Die eienaar, J Kirk, besef dat baie mense nou elektroniese fondsoorplasing gebruik (EFO) om die besigheid te betaal.
Gee TWEE voordele van EFO's.

2

VRAAG 1.3: KREDITEUREVERSOENING

1.3.1 Krediteureversoening van Golden Globe Handelaars

	Krediteuregrootboek van Emmy winkels	Krediteurestaat van Golden Globe Handelaars
Saldo's	28 656	26 228
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		

9

1.3.2 (a) **Watter stappe moet deur die bestuur teen die werknemer geneem word? Verskaf TWEE punte.**

2

1.3.2 (b) Verskaf TWEE interne kontrolemaatreëls wat in plek gestel moet word om 'n herhaling te voorkom.

AP

2

40	

VRAAG 2

VRAAG 2.1 HAPPY PAWS PET FOOD

2.1.1 Bereken die bedrag roumateriaal wat vir die produksie in 2020 uitgereik is.

6

2.1.2 Bereken die direkte arbeidskoste.

Normale tyd:

9 x

Bydraes:

Oortyd:

9 x

Totale Direkte Arbeidskoste:

12

2.1.3(a)
DT

ALGEMENE GROOTBOEK VAN HAPPY PAWS PET FOOD FABRIEKSBOKOSTE

KT

[illegible]

14

2.1.3(b)

GOEDERE-IN-BEWERKING VOORRAAD

[illegible]

9

VRAAG 2.2: MUFASA VERVAARDIGERS

2.2.1 Bereken die bedrae aangedui deur (a) en (b).

	Berekeninge	Antwoord
(a)		
(b)		

4

2.2.2 Bereken die gelykbreekpunt vir die finansiële jaar geëindig 30 June 2020.

7

2.2.3 Dink jy dat die besigheid gelukkig moet wees met die gelykbreekpunt?
Gebruik toepaslike syfers om jou kommentaar te verduidelik.

Ja/Nee

Kommentaar:

3

55

VRAAG 3

VRAAG 3.1: VOORRAADSTELSELS

3.1.1 Bereken die bedrag van aankope wat na die Handelsrekening geneem sal word.

230 000

4

3.1.2 Bereken die verkope bedrag wat na die Handelsrekening geneem sal word.

4

3.1.3 Bereken die koste van verkope.

75 000

4

VRAAG 3.2: INTERNE KONTROLE VAN BATES

- 3.2.1 Catharine is daarvan bewus dat die meeste bates waarde verloor as gevolg van normale slytasie. Watter vaste bate verminder normaalweg nie aan die einde van die finansiële jaar waarde nie? Verduidelik waarom.

2

- 3.2.2 Verduidelik kortliks aan haar die waarde van 'n vaste bate register.

2

- 3.2.3 Catharine het 'n paar klagtes van haar kliënte ontvang dat voorraad in hul bergingseenhede verdwyn het. Gee EEN voorstel oor hoe hierdie probleem opgelos kan word.

2

- 3.2.4 Die onderneming het drie afleweringsvoertuie, elk met sy eie bestuurder. Catharine het ontdek dat een van die vragmotors se kilometerlesings hoër is as wat dit moet wees. Gee EEN praktiese oplossing oor hoe sy die probleem kan oplos.

2

20

VRAAG 4

VRAAG 4.1: PASITEMS

	ANTWOORD
4.1.1	
4.1.2	
4.1.3	
4.1.4	
4.1.5	

5

VRAAG 4.2: KONTANTBEGROTING

Debiteure-invorderingsskedsule vir September en Oktober 2020

	Kredietverkope	September	Oktober
Julie	600 000	150 000	---
Augustus	750 000	300 000	187 500
September	720 000		
Oktober			
Debiteure-invorderings			

10

KONTANTBEGROTING VIR SEPTEMBER EN OKTOBER 2020

	September	Oktober
ONTVANGSTE		
Verkope	240 000	
Invorderings van debiteure		
Huurinkomste	15 000	15 000
Totale ontvangste		
BETALINGS		
Betaling aan krediteure	80 000	
Aankoop van Handelsvoorraad	65 000	
Onttrekkings		
Advertensies		
Salarisse	75 000	
Totale betalings		
Kontant surplus (tekort)		
Bank: beginsaldo	(127 500)	
Bank: eindsaldo		

20

35

TOTAAL: 150

EINDE



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

testpapers.co.za

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
PROVINSIALE EKSAMEN
NOVEMBER 2020
GRAAD 11

REKENINGKUNDE
VRAESTEL 2

NASIENRIGLYNE

13 bladsye

NASIENBEGINSELS:

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (Geen vreemde-item strafpunte vir misplaasde items nie). Geen dubbelpenalisering toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoorde. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringssyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie).
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakies voorsien word nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir hierdie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
8. Bewerking beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Nota: 'kontroleer bewerking' moet 'n +, -, x, - of volgens memo wees.
9. 'Een deel korrek' beteken die bewerking en een deel is korrek. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken is. Indien 'n getal 'n metodepunt verdien het, sal dit as 'een deel korrek' beskou word.
10. In berekening moet punte vir bewerkings nie toegeken word nie indien nie noemer & deler omgeruil is. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
11. Waar metodepunte toegeken word, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie. Indien sulke gevalle, moet nie die metodepunt nie toegeken word nie. Dui deur middel van ☒ aan.
12. Wees bedag daarop dat party kandidate alternatiewe buite die memorandum verskaf.
13. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

VRAAG 1

1.1 WAAR OF ONWAAR

1.1.1	Waar	✓
1.1.2	Onwaar	✓
1.1.3	Waar	✓
1.1.4	Waar	✓
1.1.5	Onwaar	✓

5

VRAAG 1.2: BANKVERSOENING

1.2.1 Wys die veranderinge in die kontantjoernale op 30 November 2020.

Kontantontvangstejoernaal	Kontantbetalingsjoernaal
54 940	64 800
2 300✓	8 950✓
1 250✓	980✓
2 700✓	3 800✓
16 500✓	
750✓	
78 440	78 530

8

1.2.2 Bereken die saldo van die Bankrekening

$$(9\,200) \checkmark + 78\,530 \checkmark - 78\,440 \checkmark = (9\,290) \checkmark$$

$$(9\,200) + 78\,440 - 78\,530 = (9\,290)$$

5

1.2.3 Berei die bankversoeningstaat voor op 30 November 2020.

	Debiet	Krediet
Debietsaldo volgens Bankstaat	17 695 ☒ Balanserende syfer	
Uitstaande deposito		19 765✓
Uitstaande tjeks en EFO		
Nr 888	5 780✓	
EFO 14	8 630✓	
Nr 1044	5 900✓	
Krediteer verbetering op fout vir debietorder		8 950✓
Kredietsaldo volgens Bankrekening		9 290 ☒ Van 1.2.1
	38 005	38 005

7

1.2.4 Die eienaar, J Kirk, besef dat baie mense nou elektroniese fonds oorplasings gebruik (EFO) om die besigheid te betaal. Gee TWEE voordele van EFO's.

Enige 2 ✓ ✓

- Minder bedrog
- Gemakliker en maklik om te gebruik
- Kan gedoen word van die onderneming se perseel
- Is nie beperk tot besigheidsure nie.
- Minder tydrowend
- Betaling/Ontvangste is onmiddellik/Rekening is onmiddellik opgedateer
- Goedkoper bankkoste

2

VRAAG 1.3: KREDITEUREVERSOENING**1.3.1 Krediteureversoening van Golden Globe Handelaars**

	Krediteuregrootboek van Emmy winkels	Krediteurestaat van Golden Globe Handelaars
Saldo's	28 656	26 228
1	+256✓	
2		(618) ✓
3		(1 766) ✓
4	(3 464) ✓	
5		(490) ✓
6		+2 263 ✓
7	+169✓	
	25 617✓	25 617 ✓

9

Ken metodepunte toe vir totale slegs as die opening saldo's ook in aanmerking geneem is

1.3.2 (a) Watter stappe moet deur die bestuur teen die werknemer geneem word? Verskaf TWEE punte.

Enige 2 ✓ ✓

- Dissiplinêre verhoor
 - 'n Saak moet oopgemaak word by SAPD
 - Skors die werknemer hangende die uitslag van die saak.
 - Beëindig die werknemer se dienskontrak oor die oortreding van die gedragsreëls.
 - Trek die geld van sy salaris af/Verhaal geld deur regstappe.
- (Enige relevante antwoord)

2

1.3.2 (b) **Verskaf TWEE interne kontrolemaatreëls wat in plek gestel moet word om 'n herhaling te voorkom.**

Enige 2 ✓✓

- Verdeling van dienste.
 - Senior personeellid moet aankope goedkeur.
 - Wanneer goedere ontvang word, moet die persoon wat dit ontvang dit kontroleer teen die faktuur en die bestelvorm.
 - Doen interne oudits of kontrole om te kyk vir foute en bedrog.
 - Maandelikse versoening van krediteure.
- (Enige toepaslike antwoorde)

2

40

VRAAG 2

VRAAG 2.1: HAPPY PAWS PET FOOD

2.1.1 Bereken die bedrag roumateriaal wat vir die produksie in 2020 uitgereik is.

$$48\,000\checkmark - 20\,000\checkmark + 650\,000\checkmark + 12\,300\checkmark - 35\,000\checkmark = 655\,300\checkmark$$

6

2.1.2 Bereken die direkte arbeidskoste.

Normale tyd:

$$9 \times 1\,240\checkmark \times 45\checkmark = 502\,200$$

Bydraes:

$$502\,200 \times 5/100 = 25\,110\checkmark\checkmark$$

$$502\,200 \times 1/100 = 5\,022\checkmark\checkmark$$

$$25\,100 + 5\,022 = 30\,132$$

Oortyd:

$$9 \times 365\checkmark \times 90\checkmark = 295\,650$$

Totale Direkte Arbeidskoste:

$$502\,200\checkmark + 30\,132\checkmark + 295\,650\checkmark = 827\,982\checkmark$$

$$25\,100 + 5\,022 \text{ (1 punt)}$$

12

2.1.3(a)

ALGEMENE GROOTBOEK VAN HAPPY PAWS PET FOOD
FABRIEKSBOKOSTE

DT

KT

Sept	30	Huurinkomste (68 400 x 40/60)	45 600✓✓	Sept	30	Goedere-in-bewerking voorraad	358 650☑
		Fabrieks- onderhoud	46 700✓				
		Water en elektrisiteit 75 000 x 40/60	50 000✓✓				
		Indirekte materiaal (7 200✓ – 7 500✓ + 56 000✓)	55 700☑				
		Diverse uitgawes 21 000 x 4/7	12 000✓✓				
		Waarde- vermindering	12 800✓				
		Fabrieksvoorman	135 850✓				
			358 650				358 650

14

2.1.3(b)

GOEDERE-IN-BEWERKING VOORRAAD

Okt	1	Saldo	35 000✓	Sept	30	Donasies	522☑ Balanserende bedrag
		Roumateriaal uitgereik See 2.1.1	655 300☑			Klaarprodukte- voorraad (40 300✓ x 44,70✓)	1 801 410☑
		Direkte arbeidskoste See 2.1.2	827 982☑			Saldo	75 000✓
		Fabrieksbokoste See 2.1.3(a)	358 650☑				
			1 876 932				1 876 932
Sep	1	Saldo	75 000				

9

VRAAG 2.2: MUFASA VERVAARDIGERS**2.2.1 Bereken die bedrae aangedui deur (a) en (b).**

	Berekeninge	Antwoord
(a)	1 248 000 – 898 560	R349 440 ✓ ☒
(b)	748 800 / 24 960	R30 ✓ ☒

4

2.2.2 Bereken die gelykbreekpunt vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2020.

Totale vastekoste
Verkoopprijs – veranderlike koste
$= \frac{1\,248\,000}{184 - 56 - 46 - 30}$
$= \frac{1\,248\,000}{52}$
= 24 000 eenhede ✓ ☒

7

2.2.3 Dink jy dat die besigheid gelukkig moet wees met die gelykbreekpunt. Gebruik toepaslike syfers om jou kommentaar te verduidelik.

Ja/Nee ✓
Kommentaar ✓✓
Ja – Onderneming produseer 960 eenhede meer as die gelykbreekpunt.
Nee – Onderneming produseer slegs 960 eenhede meer as die gelykbreekpunt, die onderneming maak skaars 'n wins.

3

55

VRAAG 3**VRAAG 3.1: VOORRAADSTELSELS**

3.1.1 Bereken die bedrag van aankope wat na die Handelsrekening geneem sal word.

$$230\,000 + 3\,250\checkmark - 12\,500\checkmark - 1\,250\checkmark = 219\,500\checkmark$$

OF

$$230\,000 + 3\,250 - 13\,750 = 219\,500$$

4

3.1.2 Bereken die verkope bedrag wat na die Handelsrekening geneem sal word

$$350\,000\checkmark - 25\,000\checkmark - 11\,250\checkmark = 313\,750\checkmark$$

OF

$$350\,000 - 36\,250 = 313\,750$$

4

3.1.3 Bereken die koste van verkope.

Kyk na 3.1.2

$$75\,000 + 219\,500\checkmark + 17\,500\checkmark - 90\,000\checkmark = 222\,000\checkmark$$

4

VRAAG 3.2: INTERNE KONTROLE VAN BATES

3.2.1 Catharine is daarvan bewus dat die meeste bates waarde verloor as gevolg van normale slytasie. Watter vaste bate verminder normaalweg nie aan die einde van die finansiële jaar waarde nie? Verduidelik waarom.

Grond en geboue ✓

Dit verhoog in waarde ✓

2

3.2.2 Verduidelik kortliks aan haar die waarde van 'n vaste bate register.

Dit is 'n register van al die vaste bates in die onderneming en word gebruik om die fisiese voorraad van vaste bates te verifieer. ✓✓

(Enige toepaslike antwoord)

2

3.2.3 Catharine het 'n paar klagtes van haar kliënte ontvang dat voorraad in hul bergingseenhede verdwyn het. Gee EEN voorstel oor hoe hierdie probleem opgelos kan word.

Enige EEN ✓✓

- Installeer kameras.
- Huur sekuriteitswagte om diens te doen rondom die stooreenhede.
- Slegs die huurder van die stooreenheid moet sleutels hê vir die eenheid.
- Gebruik elektroniese toegangspunte en slegs gemagtigde personeel sal toegang hê.

2

3.2.4 Die onderneming het drie afleweringsvoertuie, elk met sy eie bestuurder. Catharine het ontdek dat een van die vragmotors se kilometerlesings hoër is as wat dit moet wees. Gee EEN praktiese oplossing oor hoe sy die probleem kan oplos.

Enige EEN ✓✓

- Teken die kilometers aan in 'n logboek.
- Installeer 'n opsporingstoestel.
- Voertuie moet toegesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.
- Sleutels moet deur die bestuurder gehou word en die bestuurders moet dit slegs uitteken wanneer aflewerings gedoen moet word.

2

VRAAG 4

VRAAG 4.1: PASITEMS

4.1	ANTWOORD
4.1.1	E ✓
4.1.2	F ✓
4.1.3	A ✓
4.1.4	C ✓
4.1.5	D ✓

5

VRAAG 4.2: KONTANTBEGROTING

Debiteure-invorderingsskedule vir September en Oktober 2020

	Kredietverkope	September	Oktober
Julie	600 000	150 000	
Augustus	750 000	300 000	187 500
September	720 000	205 200✓✓	288 000✓✓
Oktober	690 000✓✓		196 650✓✓
Debiteure-invorderings		655 200☑	672 150☑

10

KONTANTBEGROTING VIR SEPTEMBER EN OKTOBER 2020

	September	Oktober
ONTVANGSTE		
Verkope	240 000	230 000✓
Invorderings van debiteure	655 200☑	672 150☑
Huurinkomste	15 000	15 000
Totale ontvangste <i>vir beide totale</i> ☑	910 200	917 150
BETALINGS		
Betaling aan krediteure	80 000	65 000✓
Aankoop van Handelsvoorraad	65 000	85 000✓
Onttrekkings	7 500✓	7 500✓
Advertensies	10 000✓✓	9 600✓✓
Salarisse	75 000	79 500✓✓
Totale betalings <i>vir beide totale</i> ☑	237 500	246 600
Kontant surplus (tekort)	672 700☑	670 550☑
Bank: Beginsaldo	(127 500)	545 200☑
Bank: Eindsaldo	545 200☑	1 215 750☑